




# Kan insetinflasie toekomstige finansiële marges onder druk sit?


Divan van der Westhuizen en Marion Delpont: BFAP

Dit is alombekend dat 'n kosteknyptang-effek in die landbousektor teenwoordig is wat impliseer dat produkpryse oor tyd stadiger styg as die pryse van landbou-insette. Figuur 1 reflekteer die styging in geselekteerde produsentepryse teenoor styging in insetpryse oor die periode vanaf 1990 tot 2015. Dit is duidelik dat die pryse van kunsmis, brandstof en die gemiddeld vir alle insette vinniger gestyg het as die produsentepryse van alle groentes, aartappels en die gemiddeld vir alle tuinbougewasse. Hierdie tendens word ook in internasionale kommoditeitsmarkte ervaar, alhoewel die impak in Suid-Afrika soms groter is as gevolg van verskeie redes waar die wisselkoers 'n belangrike drywer is.


Suid-Afrika se wisselkoers teenoor ander internasionale geldeenheede soos die VSA dollar het die laaste jare drasties gedeprimeer wat veroorsaak dat insette wat direk gekoppel is aan die wisselkoers relatief vinnig duurder word. In Suid-Afrika voer ons ongelukkig die meerderheid van ons kunsmis en chemikalieë in. Volgens Graan SA (2011) voer Suid-Afrika meer as 65% van die plaaslike kunsmisbehoefte in teenoor slegs 20% in die 1990's wat plaaslike pryse blootstel aan internasionale kostedrywers. Die plaaslike brandstofprys is ook gekoppel aan die internasionale olieprys en die wisselkoers wat verdere fluktuasies kan bevorder. Dus is die verwagting dat hierdie belangrike insette duurder gaan word in 'n omgewing waar die wisselkoers aanhou verswak, soos dan



Figuur 1: Stygings in geselekteerde produsentepryse versus geselekteerde insetpryse (1990 tot 2015)  
Bron: Kortbegrip van landbou statistiek (DAFF, 2016)



Figuur 2 – Korrelasie tussen wisselkoers en plaaslike insetkoste  
Bron: BFAP & Graan SA, 2016



Figuur 3 – Intermediêre besteding aan goedere en dienste: Arbeid, brandstof & elektrisiteit (2005-2015)  
Bron: Landbou Kortbegrip, 2016

ook getoon word in Figuur 2. Laasgenoemde vind plaas ongeag 'n sywaartse tendens in die internasionale olieprys en selfs 'n dalende tendens wanneer gekyk word na die internasionale ureum-prys.

Figuur 2 wys dat die wisselkoers sedert 2014 met meer as 38% teenoor die VSA dollar verswak het. Die internasionale prys vir ureum het sedert 2011 met 53% gedaal. Terselfdertyd het die plaaslike prys vir brandstof en kunsmis onderskeidelik met 30% en 21% gestyg. Die realiteit in die aartappelbedryf is dat markpryse nie teen dieselfde koers styg nie, en selfs in reële terme 'n dalende tendens illustreer. Die knyptangeffek is dus 'n realiteit, maar kan bestuur word deur meer produktief en effektief te produseer met die doelwit om konstant beter opbrengste te lewer deur middel van tegnologie en beter produksiepraktyke en/of om dieselfde opbrengste te handhaaf met minder insetgebruik. Om insetkoste-tendense en spandering verder te beklemtoon, verwys Figuur 3 na die Kortbegrip van Landboustatistiek (DAFF, 2016) se intermediêre besteding aan goedere en dienste sedert 2005. Elektrisiteitspandering het merkwaardig gestyg oor die periode wat toegeskryf kan word aan verskeie faktore wat insluit tariefverhogings en onder andere uitbreiding in besproeiingsareas. Oor die tydperk het besteding met 256% gestyg, 'n gemiddeld van 25.6% per jaar. Besteding

aan arbeid het teen 'n relatiewe konstante tendens gestyg. Spandering op brandstof het oor die periode met 196% gestyg.


### Plaaslike tendense in die aartappelbedryf: Die belangrikheid van produktiwiteit wat die kosteknyptang kan teenwerk

Die gemiddelde opbrengs per hektaar vir aartappels (droëland en besproeiing) toon 'n sterk styging sedert 2003 as gevolg van onder andere beter produksiepraktyke, beter kultivars, beter plantbeskermingsmiddels, ensovoorts (Figuur 4). Markpryse<sup>1</sup> in reële terme toon egter 'n geleidelike afwaartse tendens, aldus Figuur 4, wat beteken dat markpryse (pryse wat produsente ontvang) oor tyd nie daarin kon slaag om inflasie te klop nie (VPI voedselinflasie-indeks is gebruik om pryse te defleer).


Figuur 5 bevestig dat sterk groei gerealiseer het in opbrengste in verskeie streke waar Wes-Vrystaat die sterkste tendens toon. Dit is uiters belangrik dat produsente voortdurend 'n verhoging in produktiwiteit sal najaag.

Figure 6, 7 en 8 wys geselekteerde streke se geprojekteerde stygings vir drie indikatore oor tyd aan,

(<sup>1</sup> Pryse soos gerealiseer op varsprouktemarkte. Dit is die gemiddelde prys gerealiseer op alle markte vir alle klasse en alle groottes en dui slegs die rigting aan waarin pryse beweeg.)




Figuur 4 - Opbrengs per hektaar en reële aartappel-markprystendense oor tyd



Figuur 5 - Opbrengs tendense vir sekere gebiede  
Bron: ASA & BFAP Aartappel Bedryfsmodel, 2016

naamlik gemiddelde opbrengs, gemiddelde markprys vir alle klasse en groottes en die totale produksiekoste. Die jaar 2015 se waardes is as basis (100%) geneem. Aartappels Suid-Afrika se Aartappelbedryfsmodel is gebruik om die indikatort te projekteer tot 2021. Uiteraard moes 'n sekere stel aannames gemaak word wat die

model as basis gebruik. Dit is belangrik om te besef dat hierdie nie 'n vooruitskating verteenwoordig nie, maar eerder 'n scenario gegewe sekere makro-ekonomiese veranderlikes (byvoorbeeld wisselkoers, ekonomiese groei, bevolkingsaanwas, ens). Wanneer 'n ander stel aannames in die model gebruik word, kan die figure dalk anders daar



Figuur 6 – Basislyn projeksie: Sandveld indekssyfers oor tyd: opbrengs, markprys en koste (2015-2021)  
Bron: ASA & BFAP Aartappelbedryfsmodel, 2016

uitsien. Onder andere maak die model die aanname dat opbrengsverhogings wel sal voorkom.


In al drie die genoemde figure toon die geprojekteerde gemiddelde opbrengs per hektaar 'n marginale styging wat gedryf word deur die aanname dat tegnologie opbrengste positief sal beïnvloed, terwyl die geprojekteerde totale koste en gemiddelde markpryse vinniger styg. Die skerp styging in markpryse in 2016, soos waargeneem kan word in die figure, is die effek van die droogte en hoë gepaardgaande hitte-eenhede in selektiewe gebiede. Wat kostes betref, sal verskeie faktore geprojekteerde inflasie beïnvloed wat hoofsaaklik gedryf sal word deur die wisselkoers teenoor die Amerikaanse dollar, die prys vir Brent ru-olie en plaaslike ekonomiese- en politiese bewegings. Die Organisasie van Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD) verwag dat die ru-olieprys stelselmatig sal styg oor die volgende vyf jaar en teen 2021 die \$60 per vat vlak sal oorskry. Die wisselkoersfluktuasie is 'n moeilike veranderlike om te projekteer en die verwagting is dat volatilititeit sal voortduur. In 'n scenario waar die Rand verder verswak kan koste-inflasie toeneem omdat sleutelinpute soos kunsmis en chemie hoofsaaklik ingevoer word. 'n Swakker Rand sal ook plaaslike brandstofpryse negatief beïnvloed. In die geval van KwaZulu-Natal is dit sigbaar in Figuur 7 dat daar 'n hoë waarskynlikheid bestaan dat kostes vinniger kan styg teenoor die gemiddelde markprys se beweging oor tyd. Let op dat al drie figure gebaseer is op 'n stel

aannames. Indien die aannames in die bedryfsmodel verander, sal die figure dienoreenkomstig verander.


### Slotgedagte

Aartappelprodusente opereer in 'n omgewing waar markpryse oor tyd nie inflasie kan klop nie. Die kosteknyptang is ook op aartappelproduksie van toepassing, maar gelukkig kon produsente oor tyd daarin slaag om die gemiddelde opbrengs per hektaar te verhoog.

Die bestaan van die kosteknyptang-effek dwing produsente om goed te beplan veral in 'n omgewing waar insetkoste skerp kan styg as gevolg van eksterne faktore soos die verswakking in die wisselkoers. Die laaste jaar is vele produsente ook onder hewige druk gegewe die droogte en gepaardgaande hoë temperature. Die Suid-Afrikaanse ekonomie presteer nie goed nie wat druk op die verbruiker se bestedingsvermoë plaas. Die verwagting is ook dat 'n styging in ekonomiese groei stadig gaan plaasvind en moontlik eers in 2020 die 2% vlak sal oorskry. Ongeag die negatiewe omgewing waarin produsente hulself bevind is daar 'n reeks geleenthede wat deur onder andere bevolkingsgroei, verandering in verbruikersdiëte en alternatiewe markte gedryf word. Byvoorbeeld, daar word geprojekteer dat teen 2020, 'n addisionele 1.7 miljoen mense by ons plaaslike bevolking gevoeg kan word. Verder kan mens die uitdagings as geleenthede sien om jou



Figuur 7 – Basislyn projeksie: KwaZulu-Natal indekssyfers oor tyd: opbrengs, markprys en koste (2015-2021)  
Bron: ASA & BFAP Aartappelbedryfsmodel, 2016



Figuur 8 – Basislyn projeksie: Oos-Vrystaat indekssyfers oor tyd: opbrengs, markprys en koste (2015-2021)  
Bron: ASA & BFAP, 2016

boerdery-besigheid te herevalueer, om opnuut te beplan en te herposisioneer wat besluitneming in die toekoms kan vergemaklik en moontlik risiko's kan verminder. Hierdie proses begin deur te evalueer wat die vlak is van mededingendheid in die boerdery-besigheid met spesifieke verwysing na boerderypraktyke, produktiwiteit, effektiwiteit,

waardetoevoeging, markte, finansiële oorlewingsvermoë, ensovoorts. Sodra hierdie posisie bepaal is, kan strategiese en pro-aktiewe beplanning volg om die besigheid suksesvol te posisioneer in 'n mark waar daar wel geleenthede bestaan. ©